Moenie ETHODROS neem indien u aan enige van die onderstaande toestande lei nie. indien u wel enige van die toestande hieronder het, moet u u dokter inlig. U dokter sal met u bespreek watter ander vorm van geboortebeperking meer gepas sal wees.

- indien u hipersensitief (allergies) is vir etinielestradiool, drospirenoon of enige van die ander bestanddele van ETHODROS (gelys in afdeling 6). Dit kan jeukerigheid, veluitslag of swelling veroorsaak.
- indien u 'n bloedklont in 'n bloedvat van u been (diep-veneuse trombose, DVT), u longe (longembolus, LE) of ander organe het (of al ooit gehad het).
- indien u weet u het 'n afwyking wat u bloedstolling beïnvloed – byvoorbeeld proteïen C-tekort, proteïen S-tekort, antitrombien-III-tekort, geaktiveerde proteïen C-weerstand (Faktor V Leiden) of antifosfolipied-teenliggaampies (antikardiolipien-teenliggaampies, lupus antikoagulant).
- indien u 'n operasie benodig of indien u vir 'n lang tyd nie op u voete is nie.
- indien u al ooit 'n hartaanval of beroerte gehad het.
- indien u angina pectoris het (of al ooit gehad het) ('n toestand wat erge borspyn veroorsaak en 'n eerste teken van 'n hartaanval kan wees) of verbygaande iskemiese aanval (TIA – tydelike beroerte simptome).
- Indien u enige van die volgende siektes het wat u risiko van 'n klont in die are kan verhoog:
  - ernstige diabetes met bloedvatskade
  - baie hoë bloeddruk
  - 'n baie hoë vlak van vet in die bloed (cholesterol of trigliseriede)
  - 'n toestand bekend indien hiperhomosisteïnemie (hoë vlak van homosisteïen in bloed wat kan lei tot bloedklonte in u bloedvate).
- indien u ooit migraine gehad het wat gepaard gaan met visuele simptome, spraakgestremdheid of swakheid of gevoelloosheid in enige deel van u liggaam.
- indien u lewersiekte het (of ooit gehad het) en u lewerfunksie is steeds nie normaal nie.
- indien u niere nie goed werk nie (nierversaking).
- indien u 'n gewas in die lewer het (of ooit gehad het).
- indien u het (of ooit gehad het), of indien u vermoed word dat u borskanker of kanker van die geslagsorgane het.
- indien u enige onverklaarbare bloeding uit die vagina het.
- indien u swanger is of u dink u is dalk swanger.
- indien u medisyne neem wat ombitasvir/paritaprevir/ritonavir en dasabuvir bevat.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls
Wanneer moet u, u dokter kontak?
Soek dringende mediese hulp:

- indien u moontlike tekens van 'n bloedklont opmerk wat kan beteken dat u ly aan 'n bloedklont in die been (d.i. diep-veneuse trombose), 'n bloedklont in die long (d.i. ‘n longembolus), 'n hartaanval of 'n beroerte (sien *Bloedklonte* afdeling hieronder).

Vir 'n beskrywing van die simptome van hierdie ernstige newe-effekte, sien asseblief *Hoe om 'n bloedklont te herken*.

Wees veral versigtig met ETHODROS
Raapleeg u dokter voordat u ETHODROS neem. In sommige situasies moet u veral versigtig wees terwyl u ETHODROS of enige ander kombinasiepil gebruik, en u dokter moet u gereeld ondersoek. Indien die toestand ontwikkel, of erger word terwyl u ETHODROS gebruik, moet u ook u dokter inig.

- indien u rook.
- indien u oorgewig is.
- indien 'n nabye familielid borskanker het, of ooit gehad het.
- indien 'n nabye familielid ooit op jong ouderdom beroerte of hartaanval gehad het.

- indien u 'n siekte van die lewer of die galblaas het.
- indien u diabetes het.
- indien u hoë bloeddruk het.
- indien u probleme met u hart het (klepversteuring).
- indien u depressie het.
- indien u Crohn se siekte of ulseratiewe kolitis (chroniese inflammatoriese dermsiekte) het.
- indien u hemolitiese uremiese sindroom het (HUS – 'n versteuring van bloedstolling wat versaking van die niere veroorsaak).
- indien u sekelsel-anemie het ('n oorerflike siekte van die rooibloedselle).
- indien u epilepsie het.
- Indien u siekte van immuunstelsel genaamd sistemiese lupus eritematose het.
- indien u verhoogde vlakke van vet in die bloed het (hipertrigliseridemie), of 'n positiewe familiegeskiedenis vir hierdie toestand het. Hipertrigliseridemie word geassosieer met 'n verhoogde risiko om pankreatitis te ontwikkel (ontsteking van die pankreas, simptome sluit in erge pyn in die boonste maag, dikwels met naarheid en braking).
- Indien u pas geboorte geskenk het, het u 'n groter risiko vir bloedklonte. U moet u dokter vra hoe gou na u bevalling u ETHODROS kan begin neem.
- indien u 'n ontsteking in die are onder die vel het (oppervlakkige tromboflebitis).
- indien u spatare het.
- indien u 'n siekte het wat die eerste keer tydens swangerskap of vroeëre gebruik van geslagshormone verskyn het (byvoorbeeld gehoorverlies, 'n bloedsiekte genaamd porfirie, vergeling van die vel of oë (geelsug), jeuk van die hele liggaam (pruritus), veluitslag met blase tydens swangerskap (swangerskap-herpes), 'n senuweesiekte wat skielike bewegings van die liggaam veroorsaak (Sydenham se chorea).
- indien u al ooit 'n verkleuring van die vel gehad het, veral op die gesig of nek bekend as "swangerskap kolle" (chloasma). Indien wel, vermy direkte sonlig of ultraviolet lig.
- Indien u oorerflike angio-edeem het, kan produkte wat estrogeen bevat die simptome veroorsaak of vererger. U moet u dokter onmiddellik raadpleeg indien u simptome van angio-edeem ervaar, soos geswelde gesig, tong en/of keel en/of sukkel om te sluk of galbulte tesame met moeilike asemhaling.
- indien u verhoogde kaliumserumvlakke het.

Bloedklonte
Die gebruik van 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel soos ETHODROS verhoog u risiko om 'n bloedklont te ontwikkel, in vergelyking met geen gebruik daarvan nie. In seldsame gevalle kan 'n bloedklont vate blokkeer en ernstige probleme veroorsaak.
Bloedklonte kan ontwikkel
- in are (genoem 'n "veneuse trombose", "veneuse trombo-embolus" of VTE)
- in die are (genoem 'n "arteriële trombose", "arteriële trombo-embolus" of ATE).

Herstel van bloedklonte is nie altyd volledig nie. Daar kan selde ernstige blywende gevolge wees of, baie selde, kan dit dodelik wees.

Dit is belangrik om te onthou dat die algehele risiko van 'n skadelike bloedklont as gevolg van ETHODROS klein is.

Hoe om 'n bloedklont te herken
Soek dringende mediese hulp indien u enige van die volgende tekens of simptome opmerk.

Ervaar u enige van hierdie tekens?	**Waaraan ly u moontlik?**
• swelling van een been of langs 'n aar in die been of voet, veral wanneer dit gepaard gaan met: - pyn of teerheid in die been wat slegs	Diep veneuse trombose

gevoel kan word wanneer u staan of loop - verhoogde warmte in die aangetaste been - verandering in kleur van die vel op die been, byvoorbeeld bleek, rooi of blou.	
• skielike onverklaarbare asemloosheid of vinnige asemhaling. • skielike hoes sonder 'n duidelike oorsaak, met bloed wat moontlik ophoes word. • skerp borspyn wat kan toeneem met diep asemhaling. • erge lighoofdigheid of duiseligheid. • vinnige of onreëlmatige hartklop. Indien u onseker is, raaadpleeg 'n dokter, aangesien sommige van hierdie simptome soos hoes of kortasem verwar kan word met 'n minder ernstige toestand soos 'n lugweginfeksie (bv. ‘n “verkoue”)	Pulmonêre embolus
Simptome kom meestal in een oog voor: • onmiddellike verlies van visie of • pynlose versteuring van visie wat kan vererger tot verlies van visie.	Retinale veneuse trombose (bloedklont in die oog)
• borspyn, ongemak, drukking, swaar-gevoel. • sensasie van drukking of volheid in die bors, arm of onder die borsbeen. • volheid, slegte spysvertering of verstikkende gevoel. • ongemak in die bolyf wat na die rug, kakebeen, keel, arm en maag uitstraal. • sweet, naarheid, braking of duiseligheid. • uiterste swakheid, angs of kortasem. • vinnige of onreëlmatige hartklop.	Hartaanval
• skielike swakheid of gevoelloosheid van die gesig, arm of been, veral aan die een kant van die liggaam. • skielike verwarring, probleme om te praat of te verstaan. • skielike probleme om met een of albei oë te sien. • skielike probleme met loop, duiseligheid, verlies aan balans of koördinasie. • skielike, ernstige of langdurige hoofpyn sonder enige bekende oorsaak. • verlies van bewussyn of floute met of sonder ‘n stuipaanval. Soms kan die simptome van beroerte van korte duur wees met 'n byna onmiddellike en volkome herstel, maar u moet steeds dringende mediese hulp soek, aangesien u die risiko van nog 'n beroerte kan hê.	Beroerte
• swelling en effense blou verkleuring van 'n	Bloedklonte blokkeer ander bloedvate.

ledemaat. • erge pyn in u maag (akute buik).	

Bloedklonte in 'n aar of slagaar
Wat kan gebeur indien 'n bloedklont in 'n aar vorm?
- Die gebruik van gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels hou verband met 'n toename in die risiko van bloedklonte in die aar (veneuse trombose). Hierdie newe-effekte is egter skaars. Dit kom mees algemeen voor in die eerste jaar van gebruik van 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel.
- Indien 'n bloedklont in 'n aar in die been of voet vorm, kan dit 'n diep-veneuse trombose (DVT) veroorsaak.
- Indien 'n bloedklont van die been wegbeweeg en in die long vassit, kan dit 'n longembolus veroorsaak.
- Baie selde sal 'n klont in 'n aar in 'n ander orgaan, soos die oog, vorm (retinale trombose).

Wat kan gebeur indien 'n bloedklont in 'n slagaar vorm?
Soos 'n bloedklont in 'n aar, kan 'n klont in 'n slagaar ernstige probleme veroorsaak.
Dit kan byvoorbeeld 'n hartaanval of 'n beroerte veroorsaak.

Wanneer is die risiko om 'n bloedklont in 'n aar te ontwikkel, die hoogste?
Die risiko om 'n bloedklont in 'n aar te ontwikkel, is die hoogste gedurende die eerste jaar tydens die eerste gebruik van 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel. Die risiko kan ook hoër wees indien u na 'n rusperiode van 4 weke of langer weer 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel (dieselfde produk of 'n ander produk) neem.

Na die eerste jaar word die risiko kleiner, maar is altyd effens hoër as wanneer u nie 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel gebruik nie.

Wanneer u die gebruik van ETHODROS staak, keer u risiko van 'n bloedklont terug na normaal binne 'n paar weke.

Faktore wat u risiko vir 'n bloedklont in 'n slagaar / aar verhoog
Dit is belangrik om daarop te let dat die risiko van 'n hartaanval of beroerte as gevolg van die gebruik van ETHODROS baie klein is, maar kan toeneem:
- met toenemende ouderdom (ouer as ongeveer 35 jaar).
- indien u rook. Wanneer u 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel soos ETHODROS gebruik, word u aangeraai om op te hou rook. indien u nie kan ophou rook nie en ouer as 35 jaar is, kan u dokter u aanraai om 'n ander tipe voorbehoedmiddel te gebruik.
- indien u baie oorgewig is (liggaamsmassa-indeks of LMI van meer as 30 kg/m^2);
- indien u hoë bloeddruk het.
- indien 'n lid van u onmiddellike familie op 'n jong ouderdom (jonger as ongeveer 50 jaar) 'n hartaanval of beroerte gehad het. In hierdie geval kan u ook 'n groter risiko hê om 'n hartaanval of beroerte te kry.
- indien u, of iemand in u onmiddellike familie, 'n hoë vlak van vet in die bloed het (cholesterol of trigliseriede).
- indien u migraines kry, veral migraines met aura.
- indien u 'n probleem met u hart het (klepversteuring, versteuring van die ritme wat atriale fibrillasie genoem word).
- indien u diabetes het.
- indien een van u onmiddellike familie op 'n jong ouderdom 'n bloedklont in die been, long of ander orgaan gehad het (bv. jonger as ongeveer 50 jaar). In hierdie geval kan u 'n oorerflike bloedstollingsversteuring hê.
- indien u 'n operasie moet ondergaan, of indien u vir 'n lang tyd nie op u voete gaan wees

nie as gevolg van 'n besering of siekte, of u het u been in gips. Die gebruik van ETHODROS moet dalk 'n paar weke voor die operasie gestaak word, of terwyl u minder beweeglik is. Indien u ETHODROS moet staak, vra u dokter wanneer u dit weer kan begin gebruik.
- indien u minder as 'n paar weke gelede geboorte gegee het.

Lugreise (> 4 ure) kan u risiko van 'n bloedklont tydelik verhoog, veral indien u van die ander faktore wat gelys word, het.

Indien u meer as een van hierdie toestande het, of indien enige van hulle besonder ernstig is, kan die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel selfs meer verhoog word.

Indien enige van die bogenoemde toestande verander terwyl u ETHODROS gebruik, byvoorbeeld u begin rook, 'n nabye familielid ervaar 'n trombose sonder bekende rede of u tel baie gewig op, raadpleeg u dokter.

Kanker
Borskanker is effens meer algemeen aangemeld by vroue wat kombinasiepille gebruik, maar dit is nie bekend of dit deur die behandeling veroorsaak word nie. Dit kan, byvoorbeeld, wees dat meer gewasse by vroue op kombinasiepille opgespoor word, omdat hulle meer gereeld deur hul dokter ondersoek word. Die voorkoms van borsgewasse word geleidelik minder nadat die kombinasie hormonale voorbehoedmiddels gestaak is. Dit is belangrik om gereeld u borste na te gaan en u moet u dokter kontak indien u enige knop voel.

In seldsame gevalle is nie-kwaadaardige lewergewasse, en in nog minder gevalle kwaadaardige lewergewasse by pil-gebruikers aangemeld. Kontak u dokter indien u buitengewoon erge maagpyn het.

Psigiatriese afwykings
Sommige vroue wat hormonale voorbehoedmiddels gebruik, insluitend drospirenoon / etiniel-estradiol, het depressie of depressiewe buie aangemeld. Depressie kan ernstig wees en kan soms tot selfdoodgedagtes lei. Indien u gemoedsveranderinge en depressiewe simptome ervaar, kontak u dokter vir verdere mediese advies so gou as moontlik.

Bloeding tussen menstuasie-periodes
Gedurende die eerste paar maande wat u ETHODROS neem, kan u onverwagte bloeding ervaar (bloeding buite die 4 wit onaktiewe (plasebo) tablet-dae). Indien hierdie bloeding langer as 'n paar maande voorkom, of indien dit na 'n paar maande begin, moet u dokter uitvind wat verkeerd is.

Wat u moet doen indien geen bloeding voorkom gedurende die 4 wit onaktiewe (plasebo) tablet-dae nie
Indien u al die tablette korrek geneem het, nie braking of ernstige diarree gehad het nie, en u het geen ander medisyne geneem nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat u swanger is.

Indien die verwagte bloeding twee keer agtereenvolgens nie plaasvind nie, kan u dalk swanger wees. Kontak u dokter dadelik. Begin eers die volgende strook indien u seker is dat u nie swanger is nie.

Laboratoriumtoetse
Indien u 'n bloedtoets benodig, lig u dokter of die laboratoriumpersoneel in dat u die pil neem, want hormonale voorbehoedmiddels kan die resultate van sommige toetse beïnvloed.

Kinders en adolessente
ETHODROS is nie bedoel vir gebruik by vroue wie se menstruele siklus nog nie begin het nie.

Ander medisyne en ETHODROS
Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Sommige medisyne
- kan 'n invloed hê op die bloedvlakke van ETHODROS
- kan dit minder effektief maak om swangerskap te voorkom
- kan onverwagte bloeding veroorsaak.

Dit sluit medisyne in wat gebruik word vir die behandeling van:
- epilepsie (bv. primidoon, fenitoïen, barbiturate, karbamasepien, okskarbasepien, topiramaat, felbamaat)
- tuberkulose (bv. rifampisien)
- MIV- en hepatitis C-virusinfeksies (sogenaamde protease-inhibeerders en nie-nukleosied omgekeerde transkriptase-remmers soos ritonavir, nevirapien, efavirens)
- swaminfeksies (bv. griseofulvien, ketokonasool)
- artritis, artrose (etoricoksib)
- hoë bloeddruk (bosentaan, angiotensien-II-reseptor antagoniste, kaliumbesparende diuretika en aldosteroonantagoniste)
- die kruiemiddel “St. John's wort” (gebruik om depressie te behandel)
- antibiotika soos penisillien, tetrasiklien (gebruik om bakteriële infeksies te behandel).

ETHODROS kan die effek van ander medisyne beïnvloed, bv.
- medisyne wat siklosporien bevat (gebruik vir die behandeling van rumatoïede artritis)
- die antiëpileptiese middel lamotrigien (dit kan lei tot 'n verhoogde frekwensie van stuipaanvalle)
- teofillien (word gebruik om asemhalingsprobleme te behandel)
- tisanidien (word gebruik om spierpyn en / of spierkrampe te behandel).

Moenie ETHODROS gebruik indien u hepatitis C het en medisyne gebruik wat ombitasvir / paritaprevir / ritonavir en dasabuvir bevat nie, aangesien dit 'n toename in lewerfunksie-bloedtoetsresultate kan veroorsaak (toename in ALT-lewerensiem). U dokter sal 'n ander tipe voorbehoedmiddel voorskryf voor die aanvang van die behandeling met hierdie medisyne. Gebruik van ETHODROS kan ongeveer 2 weke na voltooiing van hierdie behandeling weer begin word. Sien afdeling "Moenie ETHODROS gebruik nie".

ETHODROS saam met kos en drank
ETHODROS kan met of sonder kos geneem word, indien nodig, met 'n klein hoeveelheid water.

Swangerskap en borsvoeding
Indien u swanger is of borsvoed, dink u mag swanger wees, of van plan is om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u hierdie medisyne neem.

Swangerskap
Indien u swanger is, moet u nie ETHODROS neem nie. Indien u swanger raak terwyl u ETHODROS neem, moet u dadelik die gebruik daarvan staak en u dokter kontak. Indien u swanger wil raak, kan u enige tyd ophou om ETHODROS te neem.

Borsvoeding
Die gebruik van ETHODROS word nie aanbeveel tydens borsvoeding nie. Indien u die pil wil neem terwyl u borsvoed, moet u dokter gekontak word.

Bestuur en gebruik masjinerie
Daar is geen inligting wat daarop dui dat die gebruik van ETHODROS bestuur van ‘n voertuig of die gebruik van masjinerie beïnvloed nie, maar indien u duiseligheid of interne of eksterne spin-sensasie ervaar, moenie aan hierdie aktiwiteite deelneem nie.

ETHODROS bevat laktose en laktosemonohidraat
Indien u dokter u ingelig het dat u 'n onverdraagsaamheid teenoor sommige suikers het, kontak u dokter voordat u ETHODROS neem.

ETHODROS bevat natrium
ETHODROS bevat minder as 1 mmol natrium (23 mg) per tablet, dit wil sê in wese natriumvry.

3. Hoe om ETHODROS te neem

Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
Neem altyd ETHODROS presies soos u dokter of apteker u ingelig het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie.

Neem ETHODROS elke dag vir 28 dae
ETHODROS kom in 'n stulpstrook wat 24 pienk aktiewe filmbedekte tablette en 4 wit onaktiewe (plasebo) filmbedekte tablette bevat, elk gemerk met 'n dag van die week.

Neem u tablet elke dag op dieselfde tyd.
- Begin deur 'n tablet gemerk met die korrekte dag van die week te neem.
- Volg die rigting van die pyle op die stulpstrook. Neem een tablet elke dag, totdat u al 24 pienk aktiewe tablette gebruik het.
- Sluk elke tablet heel, met water indien nodig. Moenie die tablet kou nie.

Neem dan vier wit onaktiewe (plasebo) tablette
Nadat u al 24 pienk aktiewe tablette in die stulpstrook geneem het, het u 4 dae waartydens u die wit onaktiewe (plasebo) tablette neem. Binne 'n paar dae nadat u die wit onaktiewe (plasebo) tablette van die stulpstrook begin het, sal u onttrekkingsbloeding, soos 'n menstruasie, hê. Hierdie bloeding mag dalk nie verby wees voordat die volgende pakkie begin word nie.

Begin om u volgende stulpstrook ETHODROS te neem na die 4 dae van wit onaktiewe (plasebo) tablette – selfs al bloei u nog steeds. Begin altyd betyds met die nuwe stulpstrook. U hoef nie ekstra voorbehoeding te gebruik tydens hierdie 4 wit onaktiewe tablet dae nie, solank u die tablette korrek geneem het.

Wanneer kan u met die eerste stulpstrook begin?
Indien u nie 'n voorbehoedmiddel met hormone in die vorige maand gebruik het nie
Begin met ETHODROS op die eerste dag van die siklus (dit is, die eerste dag van u menstruasie). Indien u ETHODROS op die eerste dag van u menstruasie begin, word u dadelik beskerm teen swangerskap. U kan ook op dag 2 – 5 van die siklus begin, maar dan moet u ekstra beskermende maatreëls (byvoorbeeld 'n kondoom) vir die eerste 7 dae gebruik.

Verander van gebruik van 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel, of gekombineerde voorbehoedende vaginale ring of plakker
U kan ETHODROS verkieslik begin op die dag ná die laaste aktiewe tablet van u vorige pil (die laaste tablet wat die aktiewe bestanddele bevat), maar op die laatste, op die dag na die

onaktiewe tablet-dae van u vorige orale voorbehoedmiddel eindig (of na die laaste onaktiewe tablet van u vorige orale voorbehoedmiddel). Wanneer u van 'n gekombineerde voorbehoedende vaginale ring of plakker verander, volg die advies van u dokter.

Verander van 'n progestogeen-alleen-metode (progestogeen-alleen pil, inspuiting, inplanting of 'n progestogeen-vrystellende intra-uteriene stelsel (IUS))
U kan enige dag oorskakel van die minipil (van 'n inplanting of 'n IUS op die dag van die verwydering daarvan, van 'n inspuiting, wanneer die volgende inspuiting benodig sou wees), maar in al hierdie gevalle, gebruik ekstra beskermingsmaatreëls (byvoorbeeld 'n kondoom) vir die eerste 7 dae van die neem van ETHODROS.

Na 'n miskraam of aborsie
Indien u 'n miskraam of aborsie gedurende die eerste drie maande van swangerskap gehad het, kan u dokter u inlig om dadelik ETHODROS te begin neem. Dit beteken dat u voorbehoedingsbeskerming met u eerste pil sal hê.

Na miskraam in die tweede 3 maande of na geboorte van 'n baba
U kan ETHODROS begin neem tussen 21 en 28 dae ná die geboorte van 'n baba of ‘n miskraam in die tweede 3 maande gehad het. Indien u later as dag 28 begin, gebruik 'n sogenaamde versperringsmetode (byvoorbeeld 'n kondoom) gedurende die eerste sewe dae van gebruik van ETHODROS.
Indien u, nadat u 'n baba gehad het, seks gehad het voordat u (weer) met ETHODROS begin het, moet u eers seker wees dat u nie swanger is nie, of wag tot u volgende menstruasie.

Indien u borsvoed en ETHODROS wil begin gebruik nadat u 'n baba gehad het
Die gebruik van ETHODRO word oor die algemeen nie aanbeveel wanneer 'n vrou borsvoed nie. Indien u die pil wil neem terwyl u borsvoed, moet u dokter gekontak word.

Indien u meer ETHODROS neem indien wat u moes
In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker sonder versuim. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum.
Daar is geen berigte van ernstige skadelike gevolge van die neem van te veel ETHODROS tablette.
Indien u verskeie tablette gelyktydig neem, kan u naar voel of braak of u kan uit die vagina bloei. Selfs meisies wat nog nie begin menstrueer het nie, maar per ongeluk ETHODROS geneem het, kan sulke bloeding ervaar.
Indien u te veel ETHODROS tablette geneem het, of u ontdek dat 'n kind 'n paar geneem het, raadpleeg u dokter of apteker vir raad.

Indien u vergeet om ETHODROS te neem
- Indien u minder as 12 uur laat is om 'n pienk aktiewe tablet te neem, word die beskerming teen swangerskap nie verminder nie. Neem die tablet sodra u onthou en neem die volgende tablet op die gewone tyd.
- Indien u meer as 12 uur laat is om 'n pienk aktiewe tablet te neem, kan die beskerming teen swangerskap verminder word. Hoe groter die aantal tablette wat u vergeet het, hoe groter is die risiko om swanger te raak.

Die risiko van onvolledige beskerming teen swangerskap is die grootste indien u 'n pienk aktiewe tablet aan die begin of aan die einde van die stulpstrook vergeet. Daarom moet u by die volgende reëls hou:
- *Meer as een tablet vergeet in hierdie stulpstrook*

Kontak u dokter.

- *Een tablet vergeet tussen dae 1 – 7*

Neem die vergete tablet sodra u onthou, selfs al beteken dit dat u twee tablette op dieselfde tyd moet neem. Gaan voort om die tablette op die gewone tyd te neem en gebruik ekstra voorsorgmaatreëls vir die volgende 7 dae, byvoorbeeld 'n kondoom. Indien u seks gehad het in die week voordat u die tablet vergeet het, moet u besef dat daar 'n risiko van swangerskap is. Kontak in daardie geval u dokter.

- *Een tablet vergeet tussen dae 8 – 14*

Neem die vergete tablet sodra u onthou, selfs al beteken dit dat u twee tablette op dieselfde tyd moet neem. Gaan voort om die tablette op die gewone tyd te neem. Die beskerming teen swangerskap word nie verminder nie, en u hoef nie ekstra voorsorgmaatreëls te tref nie. Indien dit egter nie die geval is nie, of indien u meer as 1 tablet gemis het, sal u ekstra voorsorgmaatreëls vir 7 dae moet gebruik.

- *Een tablet vergeet tussen dae 15 – 24*

U kan kies tussen twee moontlikhede. Indien u, in die 7 dae voor die eerste oorgeslaande tablet, alle tablette korrek geneem het. Indien dit nie die geval is nie, moet u die eerste van hierdie twee opsies volg, en ook ekstra voorsorgmaatreëls vir die volgende 7 dae gebruik.

1. Neem die vergete tablet sodra u onthou, selfs al beteken dit dat u twee tablette op dieselfde tyd moet neem. Gaan voort om die tablette op die gewone tyd te neem. In plaas daarvan om 4 onaktiewe tablette te neem, begin die volgende stulpstrook sodra u die laaste tablet geneem het. Heel waarskynlik sal u 'n menstruasie aan die einde van die tweede stulpstrook hê – maar u kan ook ligte of menstruasie-agtige bloeding tydens die tweede stulpstrook hê.

2. U kan ook die tablette staak en direk na die onaktiewe tablet-periode gaan (teken die dag aan waarop u die tablet vergeet het). Indien u 'n nuwe stulpstrook wil begin gebruik op die dag wat u altyd begin, verminder die onaktiewe tablet-tydperk tot minder as 4 dae.

Indien u een van hierdie twee aanbevelings volg, sal u beskermd bly teen swangerskap.

Indien u enige van die tablette in 'n stulpstrook vergeet het, en u het nie 'n bloeding gedurende die eerste onaktiewe tablet-periode nie, kan u swanger wees. U moet u dokter kontak voordat u met die volgende stulpstrook begin.

Wat om te doen in die geval van braking of erge diarree

Indien u binne 3 – 4 uur na die neem van 'n tablet braak of u het ernstige diarree, is daar 'n risiko dat die aktiewe bestanddele in die pil nie ten volle deur u liggaam opgeneem sal word nie. Die situasie is amper dieselfde as om 'n tablet te vergeet. Na braking of diarree moet u so gou as moontlik nog 'n tablet uit 'n ander pakkie neem. Indien moontlik, neem dit binne 12 uur nadat u normaalweg u pil neem. Indien dit nie moontlik is nie, of 12 uur het verloop, moet u die advies volg wat gegee word onder "Indien u vergeet om ETHODROS te neem".

Vertraag u menstruasie: wat u moet weet

Selfs al word dit nie aanbeveel nie, kan u menstruasie vertraag deur die 4 onaktiewe wit tablette oor te slaan en reguit na 'n nuwe stulpstrook ETHODROS te gaan en dit te voltooi. U kan ligte of menstruasie-agtige bloeding ervaar terwyl u hierdie tweede stulpstrook gebruik. Na die gewone onaktiewe tablet-tydperk van 4 dae begin u volgende stulpstrook.

Dit is raadsaam om u dokter te raadpleeg vir advies voordat u besluit om u menstruasie uit te stel.

Verander die eerste dag van u menstruasie: wat u moet weet

Indien u die tablette volgens die instruksies neem, sal u menstruasie gedurende die 4 onaktiewe wit tablet dae begin. Indien u hierdie dag moet verander, maak die onaktiewe wit

tablet-tydperk korter – (maar nooit langer nie – 4 dae is die maksimum). Byvoorbeeld, indien u die 4 onaktiewe wit tablet-dae op 'n Vrydag begin, en u wil dit verander na 'n Dinsdag (3 dae vroeër), moet u 'n nuwe stulpstrook 3 dae vroeër as gewoonlik begin gebruik. Indien u die onaktiewe tablet-tydperk baie kort maak (byvoorbeeld 3 dae of minder) mag u nie enige bloeding gedurende hierdie tyd hê nie. U kan dan ligte of menstruasie-agtige bloeding ervaar.

Indien u ophou om ETHODROS te neem
U kan die gebruik van ETHODROS staak wanneer u wil. Indien u nie swanger wil raak nie, vra u dokter vir advies oor ander betroubare metodes van geboortebeperking. Indien u swanger wil raak, staak die gebruik van ETHODROS en wag vir 'n menstruasie voordat u probeer om swanger te raak. U sal die verwagte geboortedatum makliker kan bereken.

Indien u enige verdere vrae het oor die gebruik van hierdie produk, raadpleeg u dokter of apteker.

4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

ETHODROS kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir ETHODROS aangemeld is, is in hierdie voubiljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige ongewenste gevolge ervaar terwyl u ETHODROS neem, raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van ETHODROS enlLig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
Erge allergiese reaksies/hipersensitiwiteitsreaksies: skielike swelling van u gesig, lippe, mond, tong of keel, moeilike asemhaling of lae bloeddruk, wat floute of ineenstorting kan veroorsaak.
Veelvormige Eriteem: ernstige toestand van die vel wat die mond en ander dele van die liggaam kan beïnvloed; simptome sluit in rooi, dikwels jeukerige kolle, soortgelyk aan die uitslag van masels, wat op die ledemate en soms op die gesig en die res van die liggaam begin.
Tekens van bloedklont sluit in skielike swakheid of gevoelloosheid aan die een kant of deel van u liggaam, pyn en styfheid in die bors, steekpyn wanneer u asemhaal, duiseligheid of floute, hoes sonder enige beduidende rede, pyn of swelling in u been, enige skielike veranderinge aan u gehoorsintuig, spraak, reuksintuig, smaak of gevoel.
Skadelike bloedklonte in 'n aar of slagaar byvoorbeeld:
- in 'n been of voet (d.i. DVT)
- in 'n long (d.i. PE)
- hartaanval
- beroerte
- mini-beroerte of tydelike beroerte-tipe simptome, bekend as 'n verbygaande iskemiese aanval (TIA)
- bloedklonte in die lewer, maag/ingewande, niere of oog.

Tekens van borskanker sluit in uitholling van die vel, veranderinge in die tepel, enige knoppe wat u kan sien of voel, ongewone vaginale bloeding.
Tekens van kanker van die serviks sluit in vaginale afskeiding wat sleg ruik en/of bloed bevat, ongewone vaginale bloeding, bekkenpyn, pyn tydens seks.
Tekens van ernstige lewerprobleme sluit in erge pyn in u boonste buik, geel vel of oë (geelsug), ontsteking van die lewer, u hele liggaam begin jeuk.
Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u dalk 'n ernstige reaksie op ETHODROS gehad. U sal dalk dringende mediese hulp of hospitalisasie nodig hê.
Lig u dokter dadelik in of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:
- tagikardie (vinnige hartklop)
- ontsteking van aar, vaskulêre afwyking, neusbloeding, floute

- vergrote, geswelde of draaiende are
- asma (styfheid in die bors, suisende asemhaling en asemhalingsprobleme)
- verhoogde bloeddruk, verlaagde bloeddruk.

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. U sal dalk dringend mediese hulp nodig hê.

Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:
Algemene newe-effekte:

- depressiewe bui, emosionele onstabiliteit (vinnige, dikwels oordrewe veranderinge in buie, waar sterk emosies of gevoelens (onbeheerbare lag of huil of verhoogde prikkelbaarheid of humeur) voorkom)
- hoofpyn, migraine (kloppende hoofpyn, wat gewoonlik die een kant van die kop aantas en dikwels gepaard gaan met naarheid, braking en sensitiwiteit vir lig)
- naarheid (naar gevoel)
- borspyn, menstruele probleme, bloeding tussen menstruasies, dik witterige vaginale afskeiding, vaginale swaminfeksie.

Minder algemene newe-effekte:

- verhoogde eetlus
- anoreksie (obsessie met wat hulle eet)
- verhoogde kaliumvlak in bloed
- verlaagde natriumvlak in bloed
- vloeistofretensie, veranderinge in liggaamsgewig
- veranderinge in seksuele drang
- senuweeagtigheid, lomerigheid, onvermoë om aan die slaap te raak
- onvermoë om 'n orgasme te ervaar
- duiseligheid, "naalde en spelde", draaiende sensasie, bewerasies
- gehoor-inperking
- dispepsie (slegte spysvertering), winderigheid (dermgas), gastritis (ontsteking van die maag, simptome sluit in pyn, naarheid, braking, braking van bloed, bloed in die stoelgang), diarree
- vergroting van buik (maag), gastro-intestinale versteuring, abdominale volheid (as gevolg van oormatige opbouing van gas in die spysverteringskanaal)
- hiatus breuk (die boonste deel van die maag druk deur na binne die bors)
- swaminfeksie in mond en keel
- hardlywigheid, droë mond
- aknee, erge jeuk, veluitslag, chloasma (verkleuring van die vel veral van die gesig of nek bekend as "swangerskap-kolle"), alopesie (haarverlies), aknee-agtige dermatitis (veluitslag met 'n plat verkleurde area of geswelde knoppe soos aknee), droë vel, nodale eriteem (veltoestand wat gekenmerk word deur pynlike rooierige velknoppies), oormatige haargroei in 'n gedefinieerde area, velafwyking, wit merke op die vel, kontak-dermatitis (lokale velreaksie wat gekenmerk word deur velrooiheid, swelling en jeuk, pyn of brandende sensasie), lig-sensitiewe velontsteking, velknoppies
- ontsteking van die vagina, bors-afskeiding, bors-vergroting, bekkenpyn, nie-kwaadaardige borsknoppe, baarmoeder/vaginale bloeding (wat gewoonlik opklaar tydens voortgesette behandeling), genitale afskeiding, warm gloede, pynlike menstruasies, verminderde menstruasies, baie swaar menstruasies, vaginale droogheid, abnormale servikale smeer, verminderde belangstelling in seks
- oogafwykings, bv. ontsteking van die ooglid/pienk-oog of rooi-oog, droë oë
- candidiase (swaminfeksie)
- bloedarmoede (afname in die aantal rooibloedselle), toename in die aantal bloedplaatjies in die bloed
- endokriene versteuring (probleem met die kliere wat hormone inwendig in die bloedstroom afskei)
- abnormale vinnige hartklop

- dowwe pyn in die middel- tot regter-boonste area van die buik, ontsteking van die galblaas (simptome kan pyn in die regter-boonste buik, koors, naarheid, vergeling van die vel en oë (geelsug) insluit)
- krampe en pyne, bv. rugpyn, ledemaat-pyn, spierkrampe
- gebrek aan energie, verhoogde sweet, voel oor die algemeen ongesteld.

Frekwensie nie bekend nie (kan nie uit beskikbare data geskat word nie):
- veranderde bui
- urtikaria (brandnetel-uitslag)
- onverdraagsaamheid teenoor kontaklense.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie voubiljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis

Aanmelding van newe-effekte:
Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter of apteker of verpleegkundige. Dit sluit in enige moontlike newe-effekte wat nie in hierdie voubiljet gelys word nie. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die vorm **"6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form",** wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.
Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van ETHODROS te verskaf.

5. HOE OM ETHODROS TE BÊRE
- Bêre teen of benede 25 °C.
- Hou die stulpstrook in die buitenste kartonboksie totdat dit benodig word vir gebruik.
- BÊRE ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
- Moenie gebruik ná die vervaldatum wat op die kartonboksie / stulpstrook gedruk is nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype en rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. INHOUD VAN DIE VERPAKKING EN ANDER INLIGTING
Wat ETHODROS bevat
Die aktiewe bestanddele in ETHODROS is drospirenoon en etinielestradiool.

24 pienk aktiewe filmbedekte tablette:
Elke pienk aktiewe filmbedekte tablet bevat 3 mg drospirenoon en 0,02 mg etinielestradiool.
- Die ander bestanddele is natriumkruiskarmellose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat, “Opadry” Pienk (bevat ysteroksied-swart (E172), ysteroksied-rooi (E172), ysteroksied-geel (E172), makrogol 3350, gedeeltelik-gehidroliseerde polivinielalkohol, talk (E553b), titaniumdioksied (E171)), polisorbaat 80, povidoon en vooraf-gegelatiniseerde stysel.

4 wit onaktiewe (plasebo) filmbedekte tablette:
Die wit onaktiewe filmbedekte tablette bevat nie aktiewe bestanddele nie.
- Die ander bestanddele is laktose (watervry), magnesiumstearaat, “Opadry” Wit (bevat titaandioksied (E171), makrogol 3350, gedeeltelik-gehidroliseerde polivinielalkohol, talk (E553b)) en povidoon.

Hoe ETHODROS lyk en inhoud van die verpakking
Die aktiewe tablette is ronde, pienk filmbedekte tablette.
Die onaktiewe (plasebo) tablette is rond, ongemerkte, wit filmbedekte tablette.
ETHODROS is verpak in PVC/PVDC/aluminiumfoelie stulpstrook, geplaas in 'n buitenste kartonboksie. Elke stulpstrook bevat 24 pienk aktiewe filmbedekte tablette en 4 wit plasebo

filmbedekte tablette.
- Verpakkingsgrootte: 28 tablette.

Houer van registrasiesertifikaat
Adcock Ingram Limited
New Road 1
Erand Gardens,
Midrand, 1685
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Bemark deur:
United Pharma Marketing (Edms) Bpk

Hierdie voubiljet is mees onlangs hersien op
13 September 2022

Registrasienommer
47/21.8.2/0704

adcock ingram

9036730 1 / 2411A193
12/2024